

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 201

(Januarie 1986)

Jesus, Verlosser
in
WOORD en DAAD

* * * * *

"Julle het tog al in die Skrif geles: Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword. Dit is deur die Here gedoen en is 'n WONDER in ons oë."

(Mat. 21:42)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Waar is die vrugte van die Koninkryk?

(Matt. 21:33-46)

In hierdie gelykenis is Jesus besig met die Koninkryk van God.

Die huisheer is die beeltenis vir God en die wingerd Sy Koninkryk.

God het 'n volledig toegeruste wingerd aan hulle oorgegee, met 'n parskuip, 'n wagtoring, en die wingerd is omhein. By die oestyd weier die huurders die regmatige deel van die vrugte vir die eienaar, maar slaan sy gesante — dit is sy profete.

Toe stuur God weer gesante, maar soos voorheen word hulle geslaan, gedood en gestenig.

Die goeie trou van die eienaar neem nie af nie, Hy stuur sy Seun — dit is die MESSIAS ... die CHRISTUS.

Die huurders se wetteloosheid, en eiegeregtigheid vier absoluut hoogty en hulle maak hom ook dood.

Dan kom die oordeel:

"Die Koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra" vers 43.

Die vrugte van die Koninkryk, die geloof in Jesus Christus, wat tevergeefs by die volk gesoek is, sal weggeneem word en aan 'n ander volk gegee word.

— Tevergeefs is die vrugte van die koninkryk gesoek. —

Die geloof wat ook by ons gesoek word, die bekeringsvrugte — is dit daar?

God het aan u en my alles gegee binne sy Koninkryk. Nou vra God vrugte van bekering, vrugte van geloof. Verwerp ons sy gesante as, die opbrengs van geloof en bekering kom vra?

Verwerp ons selfs sy Seun, as Sy Seun self kom om die vrugte van geloof en bekering te kom opeis?

Die Here Jesus eis onverbiddelik dat ons Hom in alle oorgawe moet dien.

Ons lewe moet 'n lewe wees wat gekenmerk word deur die vrugte wat ons in die geloof oplewer!

Ds. Leo van Schaik.

Die verantwoordelikheid teenoor aardse goed

(Lukas 16)

Die Here gee aan elkeen! Party mense kry soveel van dit, of soveel van dat, maar elkeen van ons ontvang van die Here in oorvloed.

Die vraag is egter: WAT MAAK ONS DAARMEE?

Pas ons, ons aardse goedere op, en gebruik ons dit tot voordeel van ons en ons naaste?

Wend ons die gawes wat ons ontvang, aan tot voordeel van die mense rondom my, sodat hulle net so verryk word daardeur soos ek?

OF !!!

Verkwis ons, ons aardse gawes, sodat ons soos in die gelykenis wat die Here Jesus hier in Luk 16 vertel, 'n sprekende beeld van onself is! God is die rykman, ons sy bestuurders wat heers oor Sy eiendom! Word ons nou aangekla oor die verkwisting van God se eiendom?

- Dink maar net hoe ons die natuur vermink en besoedel!
- Dink maar net hoe ek my naaste kwes en wond met gawes wat die Here aan my gegee het!
- Dink maar net hoe ek my naaste tekort doen!
- Dink maar net aan my eie selfsug, hebsug en gierigheid.

Onthou:

Hy wat getrou is in die minste is ook getrou in die grote! Ja, ons aardse werke sal ons tot en met die wederkoms van Christus volg!

Sal daar dan gesê word —

Jy het my besittings verkwis. Ek het jou oor so baie aangestel, en tog was jy oor so min getrou gewees!

Jy het so baie ontvang, en ek sien daarvan niks meer nie.

Sal dit nie beter wees om te hoor:

Goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor baie sal jy aangestel word!

Ds. Leo van Schaik.

Glo jy?

Hoeveel keer is dit al aan u gevra? Seker baie keer! Die vraag is egter: Wat beteken dit as iemand jou sou vra —

GLO JY! of

Wat beteken dit as jy self sou sê: Ek glo! of Ek is 'n gelowige.

- Wat beteken dit as jy sou sê: Ek glo.

In die algemeen sou dit beteken — ek het 'n vaste vertroue in iemand of in iets. Die mens is deur die eeue bewys as 'n basiese godsdienstige wese. Dit wil sê dat elke mens glo. Elke mens glo in iets of in iemand. Daar is geen mens wat nie sy vertroue in iets of iemand stel nie. So kry ons dat mense in ideologieë, materiële dinge en ook in hulle self glo. Die vertroue wat 'n mens dan in so 'n iemand of iets het, moet gestand gedoen word.

As die vertroue gebreek word, dan word die geloof in iemand of iets weggeneem en op iets anders projekteer.

Selfs by die mees primitiewe volke is hierdie 'geloof' in iets of iemand aanwesig. By die ontwikkelende volke is die glo in iets of iemand baie meer verfynd of in 'n baie groter verskeidenheid verdeel. Die glo in iets of iemand word egter geklassifiseer as ongelooft! Ware geloof is iets geheel anders.

WAT IS 'N WARE GELOOF?

'n Ware geloof is die absolute vertroue in en ook 'n gewisse kennis van — die Drie-enige almagtige God, soos Hy Hom in die Bybel geopenbaar het. Hierdie geloof word deur God die Heilige Gees aan my geskenk en in my hart bewerk, deur die prediking wat GEHOOR WORD! (Rom. 10:14)

'n Ware geloof is dus 'n geskenk wat ek uit vrye genade ontvang. 'n Ware geloof is gawe van God. 'n Ware geloof kom alleen van God en is gerig op God.

IN WIE GLO EK?

Die ware geloof is alleen gerig op iemand buite myself, maar ook buite die geskape werklikheid. Soos ons gesien het kom geloof van God, maar is gerig op God.

Ek glo in God — die Vader, die Seun, en die Heilige Gees.

'n Gelowige het dus die geloof ontvang om in God-Drie-enig te glo.

WIE GLO, WORD GERED!

God het voor die grondlegging, voor die skepping van hemel en aarde besluit wie word gered en wie nie!

Die wat Hy uitverkies het om gered te word, moet egter 'n sekere pad loop om by die ewige saligheid uit te kom. Die pad is onder andere, deur te glo in God.

Die wat uitverkies is ontvang dan die gawe om te glo in HOM.

Ef. 2:8 "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julle self nie; dit is die gawe van God."

Nou kan ons uit hierdie hele prentjie die volgende sien.

Die mense wat glo, wat ware gelowiges is — hulle is gered. Hulle name staan geskrywe in die boek van die lewe.

Die wat nie glo nie, die wat nie ware geloof het nie — dié mense het geen hoop op redding nie.

Ds. Leo van Schaik

Kruiswoord

"Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie." Oor die kruis neersinkend, bid Hy: "Vader, ag vergeef hul dit, want hul weet nie wat hul doen nie" As Hy so sy bede bid dan weerklink daar, slag na slag hamerhoue van die wag.

Die eerste kruiswoord wat die Here Jesus uitspreek, terwyl Hy in die bloedige son aan 'n kruispaal hang, is 'n bewys van sy goddelike liefde.

Hy bid vir sy *Vyande*.

Hy bid vir sy *Eie*, die wat hom verlaat het.

HY BID VIR SY VYANDE

- * Die skares wat geskreeu het — "Kruisig, Kruisig hom."
- * Die owerpriesters wat saam met die skrifgeleerdes en ouderlinge spot.
- * Die skare wat vir hierdie skouspel bymekaar was, het op hulle borste geslaan.
- * En die een wat saam met Hom gekruisig is, het Hom bespot.

Dan nog Herodes, Annas die hoëpriester, Pilatus, die soldate en almal wat deur die aanhitsing van die owerpriesters hom gespot en gegésel het.

Vir hulle almal bid die Here Jesus:

"Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

— Hulle weet nie hulle kruisig

— Jesus die Christus die Seun van die lewende God nie.

— Hulle weet nie hulle kruisig

— Jesus, die Verlosser, die Saligmaker, die Heiland nie.

— *Hulle weet nie hulle is in die hande van die groot teenstander, die vernietiger, die duiwel, die SATAN nie.*

. . .

BID U VIR U VYANDE?

Bid u vir die mense wat aan u leed berokken?

Bid u vir die mense wat u haat, u belaster, u spot?

Bid ons selfs dat die HERE die lig van die liefde in Jesus Christus in elke terroris se hart moet laat skyn.

Bid ons dat die dief wat my besteel het, deur die Evangeliewoord gered word en hom van sy bose weg bekeer.

Bid ons vir die vyande van die geloof, dat die HERE hulle tot inkeer bring en dat sy vrede ook in hulle harte kan heers.

HY BID VIR SY EIE

Maar in hierdie onheilspellende uur bid die Here Jesus ook vir die wat hy so liefgehad het.

Die verskriklike smart, lyding en pyn wat Hy moes deurmaak, is nog verder verdiep deur en vererger — omdat die wat naby Hom was — Hom verlaat het.

Van sy dissipels het gevlug, ander het saam met sekere vroue alles van ver af aanskou.

Petrus het Hom in die voorafgaande nag verloën.

In die laaste smartvolle ure is Hy *alleen*.

VIR HULLE BID DIE HERE JESUS

"Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

1. Hulle weet nie dat Hy die toorn van God dra nie.
2. Hulle weet nie dat Hy 'n stryd teen die Satan ten bloede toe stry nie.
3. Hulle weet nie dat Hy besig is om 'n losprys te betaal nie — 'n losprys om hulle te verlos nie.
4. Hulle weet nie dat sy Middelaarswerk 'n hoogtepunt bereik nie.
5. Hulle weet nie dat Hy nou vrede bewerk nie.

• • •

Bid u en ek ook vir die mense wat die Here Jesus verlaat het. Bid u vir hulle wat weggedwaal het van die Kerk. Bid u vir hulle wat alles van ver af aanskou. Bid u vir hulle wie se plek leeg is in die Kerk.

DIE HERE JESUS BID NOG STEEDS.

HY BID VIR U EN MY.

VADER VERGEEF HULLE TER WILLE VAN MY U SEUN.

Ds. Leo van Schaik.

Die Opstanding

Die lydenstyd is verby!

Die Here Jesus se vernedering wat sy hoogtepunt gehad het met sy lyde in Gétsemané sy smart deur die verhore heen, die pynlike smart en lyde aan die kruis, en die stilte in die graf is verby!

1. Verby is die vernedering
2. Verby is die smart
3. Verby is die lyding
4. Verby is die stilte.

Jesus Christus het die dood oorwin.

Hy het op die Sondag opgestaan uit die graf. Sy verheerliking het begin!

. . . .

Die Bybel beskrywe die opstanding baie duidelik. Al vier die Evangelies verhaal die oor- en ooggetuies van Jesus se Opstanding.

Sy opstanding is 'n feit. Juis die feit dat die Here Jesus opgestaan het uit die graf en uit die dood, bewys Sy Koningskap.

Ja die Koning het opgestaan!

En Sy opstanding word ook gekenmerk deur Sy Koninklike optrede.

Die Koning staan op uit die graf en dit op so 'n Koninklike wyse.

Die kroon van die koningskap sit stewig op sy hoof! Niemand kan die kroon gryp en Hom van sy ewige Koningskap beroof nie!

Die wêreld in die mag van die Satan het hard probeer!

- Eers het die Satan met die drie versoekings in die woestyn probeer, om Jesus 'n ander Messias te maak as waartoe hy verorden is.
- Die Satan doen dit selfs deur Petrus te gebruik, sodat Jesus die Satan moet bestraf en sê — "Gaan weg agter my Satan."
- Die wêreldse regter Pontius Pilatus veroordeel Hom en lewer Hom oor.
- Die Fariseërs en skrifgeleerdes, die ouderlinge en owerstes almal skreeu — Kruisig, kruisig Hom!
- Soldate slaan Hom, hulle spoeg op Hom, en hulle spot Hom met 'n purper mantel en 'n doringkroon!
- Terwyl Hy aan die kruis hang neem die venyn van die Satan toe — die só bekende spottoon hoor 'n mens weer:
- As u die Seun van God is verlos u self.
- As u die Seun van God is . . .

Dan sterf Hy! Die mense wat vir die skouspel bymekaar was, slaan met selfvoldaanheid op hulle bors en gaan huis toe.

Jesus het gesterf, sy graf is by die rykes maar dit lyk asof hierdie Seun van 'n timmerman uit Nasaret nou stil is.

Die graf het 'n groot steen voor die opening en 'n soldaat bewaak dit!

DAN OP DAARDIE LIEFLIKE SONDAGMÔRE

Die graf is leeg!

Jesus het opgestaan!

Die kroon van die koning is op sy hoof.

Na die duisternis van die Vrydag se kruis skyn die lig helder.

Geen duisternis meer nie, maar 'n ewige lig.

Geen donkerheid van dood, graf en hel nie, maar 'n lewe vol lig wat straal van die lig wat bly tot in ewigheid.

• • • •

Hierdie lig wat bly skyn tot in ewigheid moet ook in u en my harte skyn.

1. Die Koning heers
2. Die Koning het opgestaan
3. Die Koning leef.

Skyn hierdie lig in u harte!

Leef hierdie Koning Jesus Christus ook in u harte en in u huis. Jesus Christus het opgestaan dat u en ek kan *lewe!*

Ds. Leo van Schaik